# Glo buite die boks maar binne die BYBEL

## NT lesse jnr jeug

moreleta kerk

# LES #1

# JESUS AS 12 JARIGE SEUN





## LEES LUKAS 2:41-52

49 "Maar hoekom was dit nodig om te soek?" het Hy gevra. "Julle moes geweet het Ek sou in my Vader se huis wees." 50 Maar hulle het nie verstaan wat Hy bedoel nie. 51Hy is toe saam met hulle terug na Nasaret en was gehoorsaam aan hulle.

## Waarheen sou Jesus gaan?

Toe Jesus 'n seun was, het Hy in Nasaret saam met sy familie gewoon. Toe Jesus **12 jaar oud** was, het Hy saam met Sy familie die hele pad na **Jerusalem gereis** vir 'n spesiale viering. Dit het baie dae geneem om daar te kom. Jerusalem was 'n groot stad met 'n groot tempel. Na die viering, was dit tyd om terug te reis na Nasaret toe. Oppad terug, het Maria en Josef opgemerk dat **Jesus vermis** was. Hulle het gekyk of Hy saam met Sy neef of vriende speel, maar Hy was nie daar nie. Hulle was **baie bekommerd** en het teruggegaan **Jerusalem** toe om Hom te vind. Hulle het **Jesus stil in die tempel gekry** besig om die **Bybel te leer**. Hy het dit so baie geniet, Hy was nogsteeds daar. Die priesters by die tempel was verstom oor **Jesus se begrip van die Bybel**. Maria en Josef het vir Jesus gesê dit was tyd om huistoe te gaan. Jesus het teruggekeer Nasaret toe saam met Maria en Josef.








# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Wanneer Jesus praat van Sy Vader se huis, praat hy van sy aardse vader Josef of van Sy Hemelse Vader?**

**Wat was ‘n tempel gewees?**

**Hoe het Jesus se ouers reageer toe hulle Hom in die tempel gevind het?**

## Bid saam



## AKTIWITEIT

Werk saam met jou leiers en maats en kies ‘n Bybelvers wat jy op jou uitdeelstuk gaan skryf. Versier dan jou versie, want ons gaan dit uitdeel vir ander mense!

## IN MY BOKS

Al was Jesus maar net 12 jaar oud het Hy God se woord baie goed geken. En al was hy ‘n kind het Hy volwassenes meer geleer oor God!


Jy moet onthou dat jy nooit te jonk is om ander meer te leer oor God en Sy woord nie!

## UITDAGING

Gaan na ‘n volwassene toe in die kerk en gee vir hulle die woord (Bybelvers) wat die Here op jou hart gedruk het.





# GESPREKSBLAD




| DWARS | AF |
|---|---|
| 4 Jesus het toegeneem in _____ en in statuur. | 1 Jesus het teruggekeer na _____ saam met sy ouers |
| 7 Hulle het Jesus in hierdie gebou gevind. | 2 Jesus was _____ jaar oud. |
| 9 Jesus het gesê: "Het u nie geweet dat Ek in die _____ van my Vader moet wees nie?" | 3 Die naam van die stad wat hulle besoek het. |
| 10 Almal was _____ deur Jesus se begrip en antwoorde. | 5 _____dae lank het Jesus se ouers na Hom gesoek. |
| | 6 Jesus het na Jerusalem gegaan saam met sy _____ |
| | 8 Jesus en sy ouers het gegaan om die _____ te vier |

# Vind die 16 verskille!





# LES #2

# JESUS SE DOOP




## LEES MATTEUS 3:13-17

16 Ná Jesus se doop het Hy dadelik uit die water geklim. Net daar gaan die hemel toe vir Hom oop, en Hy sien hoe die Gees van God soos ‘n duif op Hom afdaal. 17 Daar kom toe ‘n stem uit die hemel wat sê: “Hý is my geliefde Seun, ‘n Kind so na my hart.

## Johannes, die doper, doop vir Jesus!

Toe Jesus **30 jaar oud** was, het Hy geweet dat dit tyd was om te begin met die spesiale werk wat God aan Hom toevertrou het! Jesus het na Sy neef, **Johannes die Doper** toe gegaan wat by die **Jordaanrivier** besig was om te preek en mense te doop. Johannes kon dit nie glo toe Jesus hom vra om gedoop te word nie. Johannes het geweet dat Jesus nooit gesondig het nie, maar Jesus het vir Johannes gesê, **dit is reg om gedoop te word** en Hy wou almal wys wat die regte ding was om te doen. Johannes het saamgestem en Jesus in die Jordaanrivier **gedoop**. Toe Jesus uit die water geklim het, het iets wonderlik gebeur! Die **hemel** het dadelik vir Hom **oopgegaan** en Jesus het gesien hoe die **Heilige Gees van God** soos 'n pragtige **duif** op Hom afdaal. Daar kom toe ‘n stem uit die hemel wat sê: **"Hy is my geliefde Seun, Ek is baie tevrede met Hom".**








**BYBEL BYT**

Die Heilige Gees het in die vorm van ‘n duif verskyn.

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



**Wie het Jesus gedoop? Hoe het Jesus hom geken?**

**Wat het gebeur toe Jesus uit die water gekom het?**

**Waarom het Jesus Homself laat doop?**

**Wat het vir jou uitgestaan van Jesus se doop verhaal?**

## Bid saam



## UITDAGING

Vra mamma en pappa om jou te vertel van jou doopdag. Vra hulle wat hulle kan onthou van daardie dag? Hoe oud was jy? As jy nog nie gedoop is nie kan jy self besluit wanneer jy gedoop wil word!

## AKTIWITEIT

Maak saam met jou leier en kring, borrelkuns sodat die water van die Jordaanrivier waar Jesus gedoop was "lewe" kry!


Julle het die volgende nodig: Strooitjies, plastiek glase, water, skottelgoedseep, voedsel kleursel.

## IN MY BOKS

Tydens Jesus se doop het God kom bevestig dat Jesus Sy Seun is. Hierna het Jesus se bediening begin.

# GESPREKSBLAD





# LES #3

# JESUS ROEP VISSERMANNE OM HOM TE VOLG




## LEES MATTEUS 4:18-22

19 Jesus sê vir hulle: "Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak!"

## Vissers van mense!

**Simon Petrus** en **Andreas** was twee broers. Na 'n lang nag van **visvang** het hulle niks gevang nie. Simon Petrus en Andreas was besig om hulle nette te sorteer toe hulle gehoor het dat Jesus mense in die buurt leer. Meer en meer mense het gekom om na Jesus te luister. Toe Jesus klaar die mense geleer het, het Hy vir Simon Petrus gevra om te gaan visvang. Dit het **nie vir Simon Petrus sin gemaak nie!** Hy het die hele nag nette ingegooi en **niks gevang** nie, maar omdat Jesus hom gevra het, het **hy dit gedoen**. Jesus het vir Simon Petrus gesê om die net aan die **ander kant van die boot** uit te gooi . Hy het so **baie vis** gevang dat hy sy vriende moes roep om hom te kom help. Toe hulle weer op land aankom het Jesus die vissermanne uitgenooi om hulle **bote agter te laat** en **Hom te volg.** Jesus het vir hulle gesê dat dit tyd was om **vissers van mense** te wees en **God se liefde** met mense te **deel.** Dadelik het die vissermanne alles agtergelaat om Jesus te volg.


## HOE DOEN EK DIT?

- **Wys vriendelikheid vir ander.**
- **Bid vir jou vriende, familie en onderwysers.**
- **Vertel ander mense van Jesus - dit wat Hy alles gedoen het en steeds doen.**
- **Help ander sonder om iets terug te verwag.**
- **Leef soos Jesus - wees eerlik, liefdevol en gehoorsaam**

## BYBEL BYT

Vissermanne was arm en onbelangrik in Jesus se tyd.





# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Wie is eerste deur Jesus geroep om Hom te volg?**

**Hoekom dink julle het die dissipels dadelik alles gelos om Jesus te volg?**

**Wat het Jesus bedoel met: "Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak!"**


**Kan jy 'n keer onthou toe iemand vir jou van Jesus vertel het? Hoe het dit jou laat voel?**

## Bid saam



## UITDAGING

Vat die tweede vissie-boekmerk wat jy gemaak het en gaan gee dit vir jou maat by die skool Maandag! Vertel hom/haar wat jy geleer het van hoe ons vissers van mense moet wees.



## AKTIWITEIT

Maak 'n vissie-boekmerk (x2) om in jou bybel te sit. Plaas die boekmerk by Matteus 4 sodat jy altyd sal onthou om Jesus te volg en ander aan te moedig om dieselfde te doen!

## IN MY BOKS

Jesus roep jou en my om Hom te volg en om ander te help, net soos Hy gedoen het, maar ons moet ook vir ander mense leer hoe om Jesus te volg.

# GESPREKSBLAD

Simon en Andreas se werk was _____ in die See van _____.

Na ‘n lang _____ se werk, het hul niks gevang nie. Hulle het hulle _____ begin was.

Jesus het in Simon se _____ geklim om met die mense te praat.

Jesus het vir Simon gesê: “Laat sak julle nette om _____ te vang.”

Die vissermanne het hulle nette in die _____ laat sak.

Hulle nette was _____ vis.

Jakobus en Johannes het met hul boot kom help.

Die bote was so vol vis  dat hulle begin _____ het.

Toe Simon die wonderwerk sien, het hy voor Jesus se voete gekniel.

Jesus sê vir hom: “Moet nie bang wees nie. Van nou af, sal jy ‘n visser van _____ wees.”

Simon, Andreas, Jakobus en Johannes het _____ gelos om Jesus te volg.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Galilea | alles | vol | nag | nette |
| sink | mense | vissermanne | boot | |
| vis | water | | | |

Vir jouself

Jesus sê vir hulle:
Volg My, en Ek sal
julle vissers van
mense maak!

Om uit te deel

Jesus sê vir hulle:
Volg My, en Ek sal
julle vissers van
mense maak!

# LES #4

# JESUS SE EERSTE WONDERWERK





## LEES JOHANNES 2:1-11

5 Jesus se ma sê toe vir die kelners: "Julle moet doen wat Jesus vir julle sê."

## Jesus verander water in wyn!



Nie lank nadat Jesus sy bediening begin het nie, was Hy na 'n **troue** genooi. Almal was gelukkig, hulle het **gedans** en **fees gevier**. Daar was toe 'n **groot probleem**. Hulle **wyn het opgeraak.** In daardie tyd was dit 'n slegte ding om nie genoeg wyn by 'n bruilof te hê nie. Jesus se ma, **Maria**, was ook by die bruilof. Toe sy van die probleem hoor, het sy geweet wat om te doen. Sy het vir Jesus vertel. Daarna het sy vir die mense by die bruilof gesê om presies te **doen wat Jesus sê**. Jesus wou sy ma help. Hy het die mense wat by die bruilof gewerk het gevra om **ses groot potte** met **water** te vul. Toe hulle vol was het Jesus hulle beveel om 'n voorsmakie na die man in beheer van die bruilof te neem. Toe die man dit proe kon hy dit **nie glo nie**. Dit was die **beste wyn** wat hy nog ooit geproe het. Hoe kan water die beste wyn word? **Jesus het 'n wonderwerk verrig.**








## WAT IS 'N WONDERWERK?

'n Wonderwerk is iets besonders en bo-natuurliks wat net God kan doen of wat Hy deur iemand kan doen! Dit is wanneer iets gebeur wat mens nie met gewone krag of slim planne kan regkry nie. Dit wys vir ons hoe kragtig en liefdevol Jesus is.

## BYBEL BYT

Die water wat in wyn verander het was Jesus se heel eerste wonderwerk gewees!

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



**Was die wyn wat Jesus gemaak het lekker gewees?**

**Hoekom het die dienaars/kelners na Jesus geluister?**

**Was jy al ooit by iemand se troue gewees? Hoe was dit?**

**Hoekom dink julle het Jesus hierdie wonderwerk gedoen?**

## Bid saam



## UITDAGING

Terwyl julle besig is om koeldrank te drink, laat elke maat deel:
Wat is jou gunsteling wonderwerk wat Jesus gedoen het?
Vra ook jou ouers dieselfde vraag by die huis!

## AKTIWITEIT



Vul jou koppie met water en gooi rooi aanmaakkoeldrank in. Drink saam die koeldrank - dit simboliseer die wyn. Dink aan die verhaal en wat vir jou uitgestaan het. Gesels daaroor!

## IN MY BOKS

Jesus het sy eerste wonderwerk by die bruilof in Kana gedoen, wat wys dat Hy mag oor die natuur het. Enigeiets is vir Jesus moontlik,want Hy is God!

# GESPREKSBLAD

## WOORDSOEK

| K | S | E | E | F | B | G | V | T | H | W |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | G | T | K | X | F | S | B | N | O | Q |
| L | A | K | A | N | A | U | G | N | W | R |
| G | L | E | M | D | T | S | D | H | F | S |
| T | I | T | K | Z | Z | E | H | X | R | K |
| Z | L | S | W | H | R | J | K | A | V | N |
| Z | E | E | K | W | E | L | A | N | W | G |
| Q | A | B | E | U | R | N | M | T | A | K |
| N | K | R | O | W | E | V | X | Y | T | B |
| C | K | R | N | I | Y | X | N | R | E | H |
| D | T | N | D | R | K | N | G | P | R | N |

JESUS

TROUE

KANA

WYN

WATER

WONDERWERK

FEES

DIENAARS


BANKET

BESTE

GALILEA

JOHANNES 2:5

SKRYF DIE ONTHOU -VERS HIER NEER!



# LES #5

# JESUS MAAK 10 SIEK MANS GESOND




## LEES LUKAS 17:11-19


16 'Hy het by die voete van Jesus gekniel met sy gesig teen die grond en hy het vir Jesus dankie gesê. Hy was 'n Samaritaan. '

## Net een man sê dankie

**Melaatsheid** was 'n verskriklike **vel siekte**. Mense met melaatsheid **kon nie naby** ander mense kom nie. Hulle moes buite die stad woon. Hulle moes 'n klokkie lui sodat mense kon weghardloop van hulle af. Eendag het **tien melaatses** gehoor dat Jesus daar naby was. Hulle het uitgestorm om Hom te ontmoet en Sy genade te vra. Hulle het geweet dat Jesus hulle kon genees. **Jesus het al die manne genees**. Hy het vir hulle gesê om die priester te gaan sien om weer toegelaat te word in die stad en om hulle families te gaan sien. **Een van die mans** het teruggekom om Jesus te **dank vir sy genesing**. Die **ander nege** het **vergeet** om Jesus dankie te sê. Jesus was **gelukkig met die dankbare man**. Jesus het vir die man gesê, **"Gaan, jou geloof het jou goed gemaak."**











Dankie!

## BYBEL BYT

Die siekte wat die man gehad het is melaats. Vandag is dit behandelbaar met medikasie.

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



**Watter siekte het die mans gehad? Was dit aansteeklik?**

**Hoe sou jy voel as jy een van daardie melaatse mans was?**

**Vertel van 'n keer toe jy vergeet het om dankie te sê vir iets wat iemand vir jou gedoen het. Hoe het jy dit reggestel?**

**Hoe kan ons Jesus wys dat ons dankbaar is vir alles wat Hy vir ons doen?**

## Bid saam



## UITDAGING

Fokus daarop om vir ander mense dankie te sê hierdie week! Sê veral dankie vir alles wat jou gesin en vriende vir jou doen.
Skryf dit neer en deel dit met jou gesin.

## AKTIWITEIT

Maak 'n lys van verskillende kere in jou lewe waar God jou gehelp het waarvoor jy dankbaar is.


**Pssst! Onthou as iemand siek is kan ons vir hulle bid en Jesus vra om hulle te genees. Oefen dit hierdie week!**

## IN MY BOKS


Jesus het mense gesond gemaak, wat wys dat Hy omgee vir ons liggame en siektes.
Ons moet altyd onthou om dankie te sê wanneer God ons gebede beantwoord.

# GESPREKSBLAD

| | WAAR | ONWAAR |
|---|---|---|
| Tien melaatses het gekom om Jesus vir genade te vra. | | |
| Melaatsheid is 'n velsiekte. | | |
| Melaatses moes rondloop en 'n trompet blaas. | | |
| Melaatses moes buite die stad woon. | | |
| Net een van die melaatses het Jesus vir hulp kom gevra. | | |
| Jesus het die melaatses aangeraak en hulle het gesond geword. | | |
| Jesus het vir die melaatses gesê om die dokter te besoek. | | |
| Die melaatses is genees voordat hulle vertrek het om die priester te besoek. | | |
| Twee melaatses het teruggekom om vir Jesus dankie te sê. | | |



# EK IS DANKBAAR VIR...



BID EN DANK GOD VIR HIERDIE DINGE

# LES #6

# JESUS MAAK DIE TEMPEL SKOON




## JOHANNES 2:13-25

Johannes 2: 16
Hy het vir die mense wat duiwe verkoop, gesê: "Vat weg al hierdie goed! Julle moenie 'n winkel maak van my Vader se tempel nie!"

Dit was **Paastyd** en Jesus het na Jerusalem toe gegaan. Toe Hy by die **tempel** kom, sien Hy mense wat skape, beeste en duiwe verkoop. **Jesus** het **baie kwaad geword**, want die diere moes gebruik word om vir die mense se sondes te betaal **(offergawe)**, maar die verkopers het die diere teen baie **duur pryse verkoop!** Hulle het die mense verkul en selfs die priesters was oneerlik gewees. Die **tempel** moes 'n spesiale **plek van aanbidding** wees, maar nou het dit soos 'n **mark** gelyk. Jesus het hulle weggejaag om te wys dat God se huis 'n **heilige plek van aanbidding** is en nie besoedel of "vervuil" moet word deur **geldgierigheid en leuens** nie.



**BYBEL BYT**

Die jode het 46 jaar gewerk om die tempel klaar te bou!

## HET JY GEWEET?

In die Ou Testament moes mense diere offer om vir hulle sondes vergifnis te kry.
**Beeste** is vir **ernstige sondes** geoffer.
**Skape** is vir **persoonlike sondes** geoffer.
As iemand **arm** was en nie 'n skaap kon bekostig nie, kon hulle 'n **duif** bring as offer.
(Levitikus 3–5)



# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Jesus was baie kwaad gewees omdat mense verkeerde dinge gedoen het. Het jy al kwaad geword toe iemand iets verkeerd gedoen het?**

**Dink jy ons kerk is 'n plek waar God aanbid en geëer word? Hoekom sê jy so?**

**Is die kerk die enigste plek waar ons God mag aanbid? Waar kan ons God nog aanbid?**

## Bid saam

## AKTIWITEIT

Vat drie stukkies tou of wol en vleg 'n sweep soos Jesus. Gebruik jou gevlegde sweep as 'n boekmerkie in jou Bybel of in jou Kinderkerkboek.

## IN MY BOKS

Ons hoef nie soos die mense in die Bybel meer te betaal vir ons sondes nie, want Jesus het reeds vir ons sondes betaal met Sy lewe. Die kerk (tempel) moet 'n plek wees waar ons God se liefde ervaar en waar ons Hom kan aanbid.

## UITDAGING

Vra mamma en pappa wat hulle kwaad maak? Deel ook met hulle wat jou kwaad maak. Hoe kan julle mekaar help as die ander een kwaad is?



# GESPREKSBLAD

## WOORDSOEK

| P | K | S | M | M | T | A | A | N | B | I | D | N | E |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | W | R | B | J | G | L | J | M | N | M | R | P | N |
| B | L | A | B | T | E | L | K | P | H | J | N | C | N |
| G | V | A | L | P | M | R | M | F | L | E | M | N | A |
| B | T | L | M | V | R | A | U | K | Z | S | B | M | M |
| K | L | E | X | M | A | T | F | S | H | U | I | S | S |
| G | T | S | S | G | T | G | F | X | A | S | G | Z | P |
| K | N | S | G | L | P | W | D | H | H | L | G | P | O |
| J | F | I | R | N | E | J | P | D | M | K | E | N | O |
| N | L | W | V | Z | R | F | B | P | R | C | A | M | K |
| X | K | D | E | B | E | G | A | F | X | S | P | R | R |
| K | H | L | K | G | I | Q | Q | T | I | H | T | P | E |
| V | M | E | N | K | D | Y | P | E | H | M | T | Z | V |
| C | K | G | M | Y | P | V | S | Y | Q | M | N | W | T |

DIERE

LIGGAAM

HUIS

JERUSALEM

JESUS

GELDWISSELAARS

NASIES

GEBED

VERKOOPSMANNE

TAFELS


TEMPEL

AANBID

SKRYF DIE ONTHOU -VERS HIER NEER!

JOHANNES 2:16

**Hoe kan ons Jesus binne of buite die kerk aanbid?**
**Teken of skryf dit hier.**



"MY HUIS SAL 'N HUIS VAN GEBED WEES."
MATTEUS 21:13

# LES #7

# JESUS EN DIE SAMARITAANSE VROU




## JOHANNES 4:1-30

13 Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
14 maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.

Eendag het Jesus by 'n put gaan rus nadat Hy moeg geword het van die reis. Daar het Hy 'n vrou gesien wat gekom het om water te skep, en Hy het vir haar gevra: "Gee vir My asseblief 'n bietjie water om te drink." Die vrou het verbaas na Hom gekyk en gevra: "Hoe kan U, 'n Jood, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water vra?" Want **Jode en Samaritane het gewoonlik nie met mekaar gepraat nie**. Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wie Ek is, sou jy My gevra het vir **lewende water.**" Die vrou het gefrons en gevra: "Maar U het nie eens 'n skepding nie – waar sou U dan hierdie lewende water kry?" **Jesus het geglimlag en gesê: "Elke mens wat van hierdie gewone water drink, sal weer dors word, maar wie van die water drink wat Ek gee, sal nooit weer dors wees nie."** Die vrou se oë het groot gerek. "Here, gee vir my asseblief van daardie water, sodat ek nooit weer dors sal wees of water hoef te kom haal nie!" Jesus het verder met haar gesels. Hy het haar van dinge in haar lewe vertel wat Hy nie as gewone mens kon weet nie – want Jesus was God, en Hy het alles van haar geweet. Die vrou het toe besef: **"U móét die Messias wees, die Een wat God gestuur het!"** Sy was so opgewonde dat sy haar **waterkruik** by die **put gelos** het en vinnig **dorp** toe **gehardloop** het. Daar het sy vir die mense gesê: "Kom kyk! Ek het 'n Man ontmoet wat alles van my weet! Kan Hy nie dalk die Christus wees nie?" Baie mense uit die dorp het toe na Jesus toe gekom om self te hoor wat Hy gesê het. Toe hulle na Hom geluister het, het baie van hulle **in Hom begin glo!**



**BYBEL BYT**

Christus beteken:
Die Gesalfde (van God)

## AANBID GOD IN GEES EN IN WAARHEID

**JESUS HET VIR DIE VROU GESÊ DAT DIT NIE MEER GAAN OOR WAAR JY GOD AANBID NIE, MAAR EERDER HOE JY HOM AANBID!**

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Is God lief vir alle rasse en kultuurgroepe?**

**Wat het die vrou gedoen nadat sy besef het Jesus is die Messias?**

**Wat verteenwoordig die lewende water waarvan Jesus praat?**

**Hoekom kon Jesus vir haar presies vertel wat in haar lewe aangaan?**

## Bid saam

## WIE IS DORS?

Verdeel in groepe van twee. Elkeen kry 'n glas water en 'n strooitjie. Kyk wie 'n glas water deur 'n strootjie die vinningste kan opdrink. Die vinnigste drinker in elke groep is die kampioen – laat die pret begin!

## AKTIWITEIT




**Bou jou eie waterput!**

Kleur die templaat bladsy in. Knip die templaat uit en plak dit aan die fondasie vas. Plak twee roomysstokkies aan die fondasie en dak vas!

## IN MY BOKS

Jesus gee vir ons lewende water, sy Gees en waarheid, sodat ons nooit geestelik dors hoef te word nie.

# WAT BETEKEN LEWENDE WATER?

**Ewige lewe**
Jesus sê in Johannes 4:14: "Wie egter van die water drink wat Ek hom gee, sal nimmer as te nooit weer dors word nie. Die water wat Ek vir hom sal gee, sal 'n fontein in hom word waarvan die water vir altyd sal bly opborrel."
**Dit beteken dat Jesus ons lewens vir altyd kan verander en ons 'n plek by God gee.**

**Die Heilige Gees**
In Johannes 7:38-39 sê Jesus dat die lewende water die Heilige Gees is, wat in gelowiges woon en hulle lei.
**Dit beteken dat God se Gees ons help om in geloof te groei en naby aan Hom te bly.**

**Geestelike vervulling**
Gewone water les ons fisiese dors, maar Jesus se lewende water maak ons harte vol van sy liefde, vrede en vreugde.
**Net Jesus kan ons harte regtig gelukkig maak, nie aardse dinge nie!**

**DIE SAMARITAANSE VROU HET GEDINK JESUS PRAAT VAN GEWONE WATER, MAAR HY HET EINTLIK VIR HAAR GESÊ DAT HY HAAR SIEL VIR ALTYD KAN VUL MET GOD SE LIEFDE!**

**Wat beteken hierdie vir jou?**

"Elkeen wat die water drink wat Ek vir hom gee sal nooit dors word nie." Johannes 4:14

"Elkeen wat die water drink wat Ek vir hom gee sal nooit dors word nie." Johannes 4:14

# LES #8

# JESUS GENEES 'N VERLAMDE




## JOHANNES 5:1-15

8 Jesus vir hom: "Wil jy gesond word?" "Staan op, neem jou slaapmat en loop!"
9 Die man het dadelik gesond geword. Hy het sy slaapmat geneem en begin loop.

## 'N WONDERWERK OP DIE SABBATSDAG

Daar was 'n man wat al baie lank verlam was. Hy het by 'n spesiale bad genaamd Betesda gelê. Die mense het geglo dat wanneer die water begin beweeg, die eerste persoon wat daarin klim, gesond sou word. Maar die siek man kon nooit vinnig genoeg inkom nie, want hy het niemand gehad om hom te help nie. Toe het Jesus by hom gestop en gevra: "**Wil jy gesond word?**" Die man het gesê: "Ek het niemand om my in die water te help nie." Jesus het toe vir hom gesê: "**Staan op, tel jou mat op en loop!**"
Onmiddellik was die man gesond! Hy het sy mat opgetel en geloop.
Dit was op 'n Sabbatsdag, en party mense was kwaad omdat hy op daardie dag sy mat gedra het. Maar die man het gesê: "Die een wat my gesond gemaak het, het vir my gesê ek moet dit doen." Later het Jesus hom weer gesien en vir hom gesê om nou reg te leef en nie weer verkeerd te doen nie.

## HOEKOM WAS DIE MENSE KWAAD?

In daardie tyd het die Joodse leiers baie streng reëls gehad oor wat mense op die Sabbat mag gedoen het. Op die Sabbat mag niemand enige werk gedoen het nie – selfs nie eers hulle mat gedra het nie.
Hulle het gesê dat die man verkeerd gedoen het toe hy sy mat op getel het. Hulle was ook kwaad vir Jesus, want Hy het die man op die Sabbat gesond gemaak.
Maar Jesus het vir hulle gewys dat dit belangriker is om iemand te help en goed te doen as om streng mensgemaakte reëls te volg.



# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Hoe lank was die man verlam gewees?**

**Wat is die Sabbatsdag en hoekom was die mense kwaad dat die man op hierdie dag sy mat gedra het en genees was?**

**Wat het Jesus vir die mense gewys oor liefde en reëls?**

**Hoe moet ons mense behandel wat siek of gestremd is? Hoe kan ons vir hulle liefde wys soos wat Jesus gedoen het?**

**Jesus, dankie dat:**

## UITDAGING

Maak 'n lys van dinge waarvoor jy dankbaar is wat ander mense nie kan doen nie. Hierdie dinge neem ons baie keer as van selfsprekend, maar dit is 'n groot seën waarvoor ons moet dankie sê! Byvoorbeeld om te kan sien, hoor en loop...

## IN MY BOKS

Jesus is altyd magtig genoeg om mense te genees – maak nie saak hoe lank hulle al siek is nie. Hy wil hê ons moet vir hulle bid, want liefde en omgee vir mense is belangriker as reëls.

## AKTIWITEIT

Leer hoe om in vingertaal vir mense te sê dat God lief is vir hulle.



# LEER OOR GESTREMDHEDE


As iemand nie kan sien nie is hulle _____

As iemand nie kan praat nie is hulle _____

As iemand nie kan hoor nie is hulle _____

As iemand nie kan loop nie is hulle _____


| | | | |
|---|---|---|---|
| DOOF | LUI | VERLAM | HARTSEER |
| STOM | ASPRIS | BLIND | DOM |




## KOM ONS LEER GEBARETAAL!

Kom ons probeer dit saam!
Wys vir mekaar in gebaretaal
hoe Jesus vir hulle lief is!






LES #9

# JESUS VOORSIEN VIR DUISENDE




## JOHANNES 6:1-15

11 Toe het Jesus die brood geneem. Hy het gebid en vir God dankie gesê vir die brood. Jesus het die brood en vis gegee vir die mense wat daar sit. Daar was baie kos, die mense kon genoeg eet.



## VERMEERDERING VAN DIE BROODJIES EN VISSIES

Daar was baie mense wat gehoor het van **Jesus en als wat Hy gedoen het.** Hulle wou na hom luister, daarom het hulle in die duisende bymekaar gekom. Maar die mense was daar vir baie lank en het begin honger word. Jesus wou he dat die mense daar moet bly, en nie moet weggaan om kos te soek nie, omdat hy hulle meer wou leer oor God se liefde en geade. Filippus maak toe 'n paar sommetjies en besef dat nie eers 200 stukke silwer genoeg geld sou wees om al die mense te voer nie. Daar kom toe 'n jong seun wat bereid was om sy **5 broodjies en 2 vissies** te deel. Jesus dank toe vir God en begin om die broodjies en issies uit te deel, maar die kos hou net aan kom! Daar skielik so baie om te eet. Dle dissipels het begin om die kos uit te deel vir die mense. Nadat al die duisende mense geeet het, het daar steeds 12 mandjies vol kos oorgebly! Dit was 'n **wonderwerk**!

## BELOFTE VAN GOD

"Hy sal vir julle sorg deur vir julle te gee wat julle nodig het. Dit sal Hy doen omdat julle aan Jesus behoort. '
Filippense 4:19

### BELANGRIKSTE PUNTE:

- **God kan die onmoontlike doen.**
- **God gee om oor ons behoeftes.**
- **God kan klein dinge gebruik om groot dinge te doen.**



## BYBEL BYT

Daar was 5000 mans gewees, daar was nog duisende vrouens en kinders ook gewees.



# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Moes jy al iets wat joune was deel met ander? Hoe het dit jou laat voel?**

**Dink jy dis belangrik om mededeelsaam te wees? Hoekom?**

**Wat leer hierdie storie jou oor Jesus?**

**Hoekom dink julle het Jesus hierdie wonderwerk gedoen?**

## Bid saam



## UITDAGING

Deel hierdie week ietsie lekker met 'n maat by die skool. Kyk wat is in jou kosblik en deel die lekkerste eetdingetjie met 'n maat! Kom vertel ons daarvan volgende Sondag!

## AKTIWITEIT

Maak "Fairy bread". Vat jou snytjie brood en smeer dit met verskillende kleure versiersuiker-botter. Sprinkel dan versierings daarop en geniet dit.


Benodig: Brood, versiersuiker, margarien, voedselkleursel en sprinkels.


## IN MY BOKS

Dis baie belangrik om mededeelsaam te wees met dit wat God aan ons toevertrou, want ons weet dat God vir ons sal gee wat ons nodig het.

# LEER KEN MEKAAR

## Wat is jou gunsteling?





# LES #10

# JESUS LOOP OP DIE WATER




## JOHANNES 6:16-21

20 Maar Jesus sê vir hulle:
"Dit is Ek; moenie langer bang wees nie."

## JESUS HEERS OOR DIE NATUUR

Dit was laat in die dag. Jesus se dissipels het in 'n boot geklim om oor die meer te vaar. Jesus het agter gebly om bietjie alleen te bid.

Terwyl hulle op die water was, het dit donker geword, en die wind het begin waai. Die golwe het groter en groter geword. Die dissipels het begin bang raak. Skielik het hulle iets op die water sien kom! Iemand het op die water geloop! Hulle was verskriklik bang en het gedink dis 'n spook.

Maar toe het hulle 'n bekende stem gehoor:
"Moenie bang wees nie. Dit is Ek!"

Dit was Jesus! Hy het op die water gestap, reg na hulle toe.

Toe Jesus in die boot klim, het die **wind bedaar** en die **see het weer rustig** geword, en hulle het dadelik by die anderkant van die meer aangekom. Die dissipels was verbaas en bly. Jesus het hulle gewys dat Hy altyd by hulle is, selfs wanneer jy bang is en dinge moeilik raak.




STORM OF SEE – JESUS BLY NABY MY TREE VIR TREE.



# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Is daar iets wat jou soms bang maak? (Soos donderweer, of om voor in die klas te praat?)**

**Wat doen jy as jy bang is? Na wie toe gaan jy?**

**Wat het Jesus vir hulle gesê toe hulle bang was?**

**Hoe dink jy kan Jesus jou help as jy bang is of as iets moeilik is?**

**Here, hierdie maak my bang...**



## UITDAGING

Kies een ding waarvoor jy hierdie week bang is of wat vir jou moeilik is (soos 'n toets of iets op die sportveld). Skryf dit neer en praat met Jesus daaroor en sê hardop: "Jesus, ek weet U is by my. Help my om nie bang te wees nie."

## AKTIWITEIT

*Kies een maat in elke groep om blou voetspore op 'n groot plakkaat te maak. Skryf dan as 'n groep: "Jesus loop op water en Hy is altyd by ons!" Skryf rondom die voetspore dinge waarvoor jul bang is. Bid hiervoor!*



## IN MY BOKS

*Jesus is altyd by ons, selfs as ons bang of onseker oor die storms in ons lewens is. Ons hoef nie bang te wees nie, want Jesus sorg vir ons en help ons.*

# GESPREKSBLAD

Vind die volgende woorde en gesels in jou groep hoe dit verband hou met die verhaal wat ons vandag gelees het.

| Z | S | N | A | T | U | U | R | Q | C | C | G | B | S |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| T | Y | I | F | E | R | X | B | L | I | R | F | Z | S |
| S | Y | A | V | R | G | K | J | V | V | F | L | A | R |
| P | F | S | Z | A | Q | A | O | J | K | D | K | H | H |
| W | F | X | B | X | T | N | N | N | G | D | N | O | C |
| B | K | Y | V | Q | L | J | E | O | P | I | H | I | V |
| N | Y | X | Y | J | X | E | N | A | Q | B | C | X | W |
| U | Y | P | M | S | L | I | S | C | C | Y | J | W | B |
| V | C | L | P | L | J | C | L | U | C | X | S | S | A |
| J | Y | O | A | H | W | C | U | U | P | H | W | T | N |
| U | O | V | H | N | A | L | A | U | W | B | S | Y | G |
| K | S | E | R | V | A | B | E | T | X | K | O | D | R |
| J | D | V | P | R | P | F | I | U | N | P | E | O | E |
| E | L | R | E | E | M | G | S | W | T | U | Z | H | T |

MEER BOOT ALLEEN BANG

NATUUR WIND SPOOK BID

# VIND DIE 12 VERSKILLE



# LES #11

# JESUS GENEES 'N BLINDE MAN




## LEES JOHANNES 9:1-41

vers 25 'Hy het toe geantwoord: "Een ding weet ek, dat ek blind was, en nou sien ek." '

Eendag het Jesus en sy dissipels 'n man gesien wat blind gebore was. Die dissipels het gevra: "Wie het gesondig, hy of sy ouers?" Jesus het geantwoord: "Niemand het gesondig nie, maar hierdie man is blind sodat God se werk gesien kan word."

Jesus het **modder** gemaak met sy eie spoeg en dit op die man se oë gesit. Hy het vir hom gesê: "**Gaan was jou oë** in die dam van Siloam." Die man het gedoen wat Jesus gesê het, en toe hy sy oë gewas het, kon hy sien!

Die mense was verbaas. Hulle het nie geglo dat dit dieselfde man was wat blind was nie. Hy het vir hulle gesê: "Ek is die man!" Toe het hulle hom na die Fariseërs gestuur. Die Fariseërs het nie geweet wat om te dink nie, want Jesus het die man genees op die sabbat. En dit was teen hulle wette om eige iets te doen op die sabbat.

Die man het gesê: "Ek weet net een ding: **Ek was blind, maar nou kan ek sien**!" Die Fariseërs was nie bly nie, en hulle het hom uit die sinagoge weggejaag. Toe Jesus dit hoor, het Hy vir die man gesê: "**Glo jy in die Seun van God**?" Die man het geglo, en hy het Jesus aanbid.

Jesus het die man **gesond gemaak en sy lewe verander**!




## Genesings in die Bybel

Die Bybel vertel van 3 verskillende blinde mans wat Jesus genees het.

Die blindgebore man in Joh 9:1-12.

Die blinde man by Jerigo in Matt 20:29-34.

Die blinde man wat Jesus genees het deur sy hande op hom te sit in Mark 8:22-26...

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



**Hoeveel sintuie het ons? Noem ‘n paar.**

**Dink jy die lewe is moeilik as jy nie kan sien nie?**

**Dink jy die man se hele lewe het verander na die genesing?**

**Is jy dankbaar dat jy kan sien?**

## BYBEL BYT

“Siloam”
beteken ‘Gestuurde’

## IN MY BOKS


*Wanneer iets sleg met ons gebeur, is dit nie omdat God ons straf vir ons sondes nie! Jesus het klaar die straf vir ons sondes betaal.*

## AKTIWITEIT

Maak jou eie bril

## YSBREKER

Kies ‘n paar maats en bliddoek hulle, laat hulle ‘n paar opdragte uitvoer en kyk of hulle sukkel? Probeer nou dieslefde sonder ‘n blinddoek, is dit makliker?



# LES # 12

# JESUS WEK LASARUS OP




## LEES JOHANNES 11:1-44

vers 25 Jesus het vir haar gesê: "Ek laat mense lewe, Ek laat hulle vir altyd lewe. Mense wat in My glo en sterf, sal lewe.

## 'n Baie groot Wonderwerk

Daar was 'n man met die naam Lasarus. Hy het twee susters gehad, Maria en Marta. Hulle was **goeie vriende** van Jesus.

Een dag het Lasarus baie siek geword. Sy susters het iemand gestuur om vir Jesus te gaan roep. Want hulle het geweet dat Jesus mense gesond kan maak.

Maar Jesus het nie dadelik gekom nie. Hy het gesê: "**Hierdie siekte sal God se krag wys**."

Toe Jesus uiteindelik by hulle aankom, het Lasarus al vier dae lank dood in die graf gelê. Marta en Maria was bitter hartseer, en baie mense het gehuil.

Jesus het ook gehuil. Hy het baie vir sy vriend gevoel.

Maar toe het Jesus iets ongelooflijks gedoen! Hy het na die graf toe gegaan en gesê:

"Lasarus, kom uit!" En toe het dit gebeur! Lasarus het lewendig uitgekom, toegedraai in grafdoeke – hy was nie meer dood nie!

Die mense was verbaas en bly! Jesus het gewys dat Hy die mag het oor lewe en dood – en dat Hy vir ons lief is.

### BYBEL BYT

Lasarus was alreeds 4 dae dood voor Jesus gekom het.

### Het jy geweet?

As iemand in Jesus glo, hoef hulle nie bang te wees om dood te gaan nie, want ons kry die ewige lewe as 'n geskenk van Jesus.

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Wat het Jesus gedoen toe Hy sien hoe hartseer almal is?**

**Het jy al ooit iemand verloor aan die dood?**

**Wat is Lasarus se twee sussies se name?**

**Net God kan iemand uit die dood uit opwek, beteken dit Jesus is God?**

## Bid saam

## IN MY BOKS

*Selfs Jesus het hartseer geword terwyl Hy op aarde was. Jesus het ook al die emosies ervaar wat ek en jy het.*

## AKTIWITEIT

Deel op in groepe, kies een maat wat met toiletpapier toegedraai gaan word soos 'n mummy. Werk saam en kyk wie is die beste toegedraai met die toiletpapier.





# LES # 13

# JESUS WORD GESALF




## LEES JOHANNES 12:3

Maria het die olie op Jesus se voete gegooi en sy het toe Jesus se voete afgedroog met haar hare. Die hele huis het lekker geruik.

## Maria se Spesiale Geskenk

Jesus het by sy vriende, Lasarus, Marta en Maria, gaan kuier. Hulle het 'n heerlike ete saam gehad. Lasarus was so bly, en dankbaar omdat Jesus hom uit die dood uit opgewek het! Terwyl hulle eet, het Maria 'n **spesiale fles** met baie, baie **duur olie** uitgehaal. Hierdie olie het ongelooflik **lekker geruik**! Sy het nie net 'n bietjie geneem nie, maar die hele fles oopgemaak en al die olie op Jesus se **voete** uitgegooi. Toe het sy sowaar haar lang hare gebruik om Sy voete daarmee af te droog! Dit was so 'n **liefdevolle** geskenk! Jesus het gesê "Sy het iets baie mooi vir My gedoen. Sy gee haar heel **beste geskenk** aan My." Maria het vir Jesus haar beste gegee, omdat sy so lief was vir Hom. Net so kan ons ook ons beste vir Jesus gee, soos ons liefde en ons tyd!

In die Bybel, as God iemand vir 'n spesiale werk gekies het, het hulle soms 'n bietjie olie oor daardie persoon se kop gegooi. Dit het gewys: "Hierdie persoon is nou spesiaal vir God se werk gekies!" Dit was 'n manier om te sê: "God se Gees is by hierdie persoon om hulle te help met hul groot taak." Dit was 'n manier om te wys dat God die persoon help en hulle krag gee vir 'n spesifieke doel.

### BYBEL BYT

Die Bottel olie was so duur dat dit 'n volle jaar se salaris sou kos.



In die Bybelse tyd was Konings meestal gesalf, Maria kom wys dat Jesus die Koning is!

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Wat is die spesiaalste geskenk wat jy al ooit vir iemand gegee het?"**

**Dink jy dis belangrik om ons respek, liefde en tyd vir Jesus te gee?**

**Wanneer is daar olie op iemand se kop gegooi in die Bybel?**

## Het jy geweet?

*Ons kan self ook ander mense salf met olie!*

*Salwing is 'n teken dat die Heilige Gees by ons is om ons te help doen, wat God ons elkeen roep om te doen!*



## ! Uitdaging !

*Jy kan jou ma en pa salf deur bietjie olie op hulle hande te smeer, sê dan Die Heilige Gees sal by jou wees!*

## IN MY BOKS

*Jesus wil hê ons moet Hom liefhê met alles wat ons het. Net soos Maria vir Hom haar kosbaarste besitting gegee het, kan ons ook vir Hom ons "beste" gee.*

## AKTIWITEIT

*Maak jou eie salwings-olie! Sit 'n roosmaryn of laventel takkie in die olie. Ek plak 'n sticker op die bottel.*



# JOHANNES 12:7-8

"Los haar," sê Jesus toe. "Laat sy dit hou. Sy gaan dit weer nodig kry vir my begrafnis.  Ek sal nie altyd by julle wees nie. As julle dan iets moois vir My wil doen, doen dit terwyl julle nog kan."



# LES # 14

# JESUS WAS VOETE




## JOHANNES 13

Maria het die olie op Jesus se voete gegooi en sy het toe Jesus se voete afgedroog met haar hare. Die hele huis het lekker geruik.

## Jesus leer Sy dissipels ware nederigheid

Dit was tyd vir die Paasmaal. Jesus het geweet sy tyd om na die **Vader** terug te gaan, is naby. Hy het sy dissipels baie **liefgehad**—en Hy wou vir hulle wys hoe om ook ander mense lief te hê. Toe staan Jesus van die tafel af op. Hy maak toe 'n handdoek om sy middel vas en gooi **water** in 'n bak. Een vir een begin Hy die dissipels se **voete was**—al was Hy die Here en Leermeester! Toe Jesus by **Petrus** kom, sê Petrus: "Here, U kan tog nie my voete was nie!"

Jesus antwoord: "Wat Ek nou doen, verstaan jy nog nie, maar later sal jy verstaan." Petrus sê: "U mag nooit my voete was nie!" Jesus sê: "As Ek jou nie was nie, behoort jy nie aan My nie." Toe roep Petrus: "Here, dan nie net my voete nie—my **hande** en my **kop** ook!" Jesus sê: "Iemand wat al gebad het, hoef net sy voete skoon te maak; die res is klaar **skoon.**" Jesus het geweet wie Hom sou verraai, en daarom het Hy gesê: "Nie almal van julle is skoon nie."

So het Jesus gewys: die **belangrikste** in **God se koninkryk** is die een wat dien...

### Waarhede oor voete was

**Dit wys nederigheid** – Jesus het gewys dat ware grootheid nie beteken om baas te speel nie, maar om te dien.

**Dit wys liefde** – Hy wou sy dissipels leer dat liefde nie net woorde is nie, maar ook dade.

**Dit wys reinheid** – Jesus het verduidelik dat Hy die een is wat ons werklik skoonmaak van sonde.

**Dit is 'n voorbeeld** – Hy sê duidelik: "Ek het julle 'n voorbeeld gegee."

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Hoekom was dit so vreemd dat Jesus self die dissipels se voete was?**

**Wat leer hierdie verhaal ons oor hoe Jesus en hoe hy oor sy dissipels gevoel het?**

**Hoe kan jy hierdie week iemand dien, soos Jesus gedoen het?**

## UITDAGING

**Waar kan ek die week iemand bedien?**



## IN MY BOKS

***Jesus, die Koning, het sy dissipels se voete gewas om ons te leer dat ware liefde beteken om nederig, mekaar te dien.***

**BYBEL BYT**

Slawe het voete gewas in die Bybelse-tyd



## AKTIWITEIT

*Elkeen gaan 'n beurt kry om kaalvoet deur 'n bak vol waterballetjies (orbees) te loop, dit simboliseer voetewas!*

# KRY DIE 12 VERSKILLE





LES # 15

# JESUS IS DIE WARE WINGERDSTOK




## JOHANNES 15 :1-17

13 Die beste bewys van liefde is wanneer iemand vir sy vriende sterf sodat sy vriende kan lewe.

## GALASIËRS 5:22-23

Liefde
vreugde
vrede

geduld
goedhartigheid
getrouheid

vriendelikheid
sagmoedigheid
selfbeheersing

## Ons moet vrugte dra

Eendag het Jesus 'n pragtige storie vertel van 'n spesiale wingerd. Hy het gesê: "Stel jou voor Ek is die groot, sterk wingerdstok, en julle is die takkies wat uit My groei. Soos 'n takkie sap van die wingerdstok nodig het om lewendig te bly en lekker vrugte te dra, so het julle My nodig om goeie dinge te doen en te groei." Hy het verder verduidelik dat die wingerdboer (God) soms die takkies snoei sodat hulle nog meer en beter vrugte kan dra. "As julle aan My bly vashou," het Jesus gesê, "sal julle baie liefde, blydskap en vriendelikheid uitstraal, net soos 'n gesonde takkie soet druiwe gee. En die heel belangrikste ding wat Ek vir julle wil leer, is om mekaar lief te hê, net soos Ek julle liefhet."

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- **Wie is die wingerdstok en wie is die takke in Jesus se storie?**

_____

- **Hoe kan jy hierdie week prakties aan Jesus "verbind" bly?**

_____

- **Noem drie voorbeelde van die "vrugte" wat ons kan dra wanneer ons aan Jesus verbind bly.**

_____

_____

- **Wat is die belangrikste opdrag wat Jesus ons aan die einde van hierdie gedeelte gee?**

_____

## Gebed

_____

_____

_____


_____

## IN MY BOKS


*Om aan Jesus verbind te bly, help ons om goeie vrugte soos liefde en vriendelikheid te dra en Sy liefde met ander te deel...*


## AKTIWITEIT


Gebruik oorstokkies om met pers verf druiwe te druk op die wingerdstok.



# Verf druiwe en blare by







LES #16

# JESUS VERTEL DIE STORIE VAN DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN




## LUKAS 10:25-37

*Help ander in nood*



**Eendag vra 'n man vir Jesus: "Wie is my naaste?" Jesus het geantwoord met 'n storie. 'n Man was op pad van Jerusalem na Jerigo. Dit was 'n lang, gevaarlike pad. Skielik het rowers hom aangeval! Hulle het hom geslaan en hom halfdood op die pad gelos.**
**Nie lank daarna nie het 'n priester daar verbygekom. Hy sien die beseerde man, maar stap na die ander kant van die pad en gaan aan. Toe kom 'n Leviet, wat ook 'n belangrike kerkleier was. Hy kyk na die man, maar hy stap ook net verby. Niemand het gehelp nie. Toe kom 'n Samaritaan daar aan. Baie mense in daardie tyd het nie van Samaritane gehou nie. Maar toe die Samaritaan die beseerde man sien, kry hy hom innig jammer. Hy het dadelik na die man gegaan en die man se wonde skoongemaak , en dit verbind. Toe tel hy die man op sy eie donkie en vat hom na 'n herberg.**
**Hy het die eienaar van die herberg betaal om vir die beseerde man te sorg en gesê hy sal nog meer betaal as hy weer verbykom.**
**Nadat Jesus die storie vertel het, vra Hy vir die man: "Watter een van hierdie drie was die naaste vir die man wat deur die rowers oorval is?"**
**Die slim man het geantwoord: "Die een wat hom gehelp het."**
**Toe sê Jesus vir hom: "Gaan en doen jy ook so."**

**Hierdie storie leer ons dat ons naaste enige iemand is wat ons hulp nodig het, en dat ons altyd vriendelik en behulpsaam moet wees.**

## BYBEL

Die pad van Jerusalem na Jerigo was in Jesus se tyd baie gevaarlik. Dit was 'n styl, kronkelende pad.



Dit was ongeveer 27 kilometer deur die woestyn gegaan het.
Dit was bekend vir die rowers wat agter die rotse weggekruip het.

## BYT

Dit was so gevaarlik dat mense dit die "Bloedpad" genoem het.
Dit maak die Samaritaan se dapperheid nog meer besonders!

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Hoekom dink julle het die priester en die Leviet, wat veronderstel was om godsdienstige mense te wees, nie gestop om te help nie?**

**Waarom was dit so 'n groot verrassing dat juis die Samaritaan gestop het?**

**Wat het die Samaritaan gedoen om te wys dat hy omgee**


**Wie is die mense in ons lewens wat ons soms soos die priester en Leviet "verbyloop"?**

## GEBED


Liewe Jesus,
Dankie vir die storie van die goeie Samaritaan wat ons leer hoe om regtig lief te hê.
Maak asseblief my oë oop om die mense rondom my raak te sien wat seer het, alleen is, of hulp nodig het.
Gee my 'n hart wat jammer voel soos die Samaritaan s'n, en dapper hande en voete wat nie net verbyloop nie, maar wat stop om te help.
Help my onthou dat my naaste enige iemand is wat U oor my pad stuur.
Amen.

## IN MY BOKS


*Ons naaste is enige iemand wat ons hulp nodig het, maak nie saak wie hulle is, hoe hulle lyk, of ons van hulle hou nie.*




Help die Barmhartige Samaritaan
Knip pleisters uit en plak dit op die beseerde man!



# KYK WATTER ROETE HET ELKE KARAKTER GEVOLG.





LES # 17

# JESUS VERTEL DIE VERHAAL VAN DIE VERLORE SKAAP




## LUKAS 15

vers 7 Ek sê vir julle, so sal almal in die hemel bly wees wanneer een sondaar verander en doen wat die Here wil hê.

## Jesus wys God se hart vir dié wat verlore is

Die Fariseërs en Skrifgeleerdes was nie gelukkig nie. Hulle het gesien Jesus spandeer tyd saam met tollenaars en sondaars – mense wat hulle gedink het sleg is. Hulle het onder mekaar begin fluister en kla daaroor.

Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis: "Sê nou een van julle het 100 skape en een van hulle raak weg. Wat sal hy doen? Hy sal die 99 skape in die veld los en die een gaan soek wat weg is, totdat hy hom kry."

Jesus het verder verduidelik: "En as hy die skaap kry, is hy so bly! Hy tel hom op sy skouers en dra hom huis toe. Dan roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat weg was!'"

Jesus het afgesluit en gesê: "Ek sê vir julle, net so is daar in die hemel meer blydskap oor een sondaar wat sy lewe regmaak, as oor 99 mense wat reg lewe en dit nie nodig het nie."

So het Jesus gewys: God se liefde soek elkeen op wat verlore is, en die hemel juig wanneer een gevind word.





## Wat leer ons?

**Elke persoon is vir God kosbaar:**

Die herder het die 99 gelos om die één te gaan soek. Jy is vir God belangrik.

**God soek na ons:**

God wag nie net vir ons om na Hom toe te kom nie. Hy kom haal ons.

**Daar is groot blydskap in die hemel:**

Wanneer iemand na God toe draai, is daar 'n fees in die hemel!

**Dis 'n voorbeeld van God se groot liefde:**

God se onvoorwaardelike liefde gee nooit op nie

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Hoe dink jy het die herder gevoel toe hy agterkom een skaap is weg? En hoe het hy gevoel toe hy hom kry?**

**Het jy al ooit weggeraak of verdwaal? Hoe het dit gevoel toe iemand jou kry?**

**Wie ken jy wat dalk 'verlore' voel en God se liefde moet hoor?**

## UITDAGING

### WAAR KAN EK HIERDIE WEEK `N HERDER WEES?

Bid hierdie week vir een vriend wat Jesus nog nie ken nie, of nooi iemand wat alleen lyk om saam met jou te speel, of nooi ‘n maat saam kerk toe!

## BYBEL BYT

Herders in die Bybelse tyd het dikwels hulle lewens gewaag om hul skape teen wilde diere soos leeus en bere te beskerm.


## IN MY BOKS






# LUKAS 15:1-7

# HELP DIE HERDER OM DIE VERLORE SKAAP TE VIND



LES # 18

# JESUS IN DIE TUIN

## MATTEUS 26:36-46

vers 41 Wees waaksaam en bid sodat julle nie in die versoeking kom nie. ’n Mens se gees is wel gewillig, maar jou liggaam hou nie altyd by nie.”

Jesus was vreeslik benoud en Sy hart was baie seer oor die swaarkry wat voorgelê het. Hy het Sy drie naaste vriende – Petrus, Jakobus en Johannes – gevra: "Bly hier by My en wees wakker, en bid saam met My." Jesus het toe verder geloop om te bid. Toe Hy terugkom, kry Hy Sy vriende aan die slaap! Jesus was teleurgesteld. Hy sê vir hulle: "Kon julle nie eens vir een uur wakker bly en bid nie?" Hy het vir hulle die belangrike opdrag gegee: "Waak en bid, want julle bedoel goed, maar julle is te swak om op julle eie wakker te bly."

Hy het weer gaan bid, en weer teruggekom. Hulle wraggies weer aan die slaap geraak.
Dit het 'n derde keer gebeur.
Uiteindelik het Jesus vir hulle gesê: "Julle kan nou maar slaap, dit is te laat." In daardie selfde oomblik het Sy vyande opgedaag, en Sy vriende was nie wakker of gereed vir die oomblik van gevaar nie.

### BYBEL BYT

Getsemane beteken "olyfpers." Dis waar olywe hard gedruk is totdat die olie uitgekom het.

### Het jy geweet?

Om te WAAK is om gereed en op die uitkyk te wees vir die versoekings wat die vyand na ons toe stuur! As ons nie bid nie, is ons soos 'n soldaat wat aan die slaap raak op sy pos terwyl die vyand nader sluip.

# KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

**Wat is die grootste ding wat jou geestelik laat slaap (lui maak om Bybel te lees of te bid)?**

**Wanneer val jy die maklikste vir versoeking? (Bv. wanneer jy moeg is, kwaad is, of alleen is.)**

**Hoe kan ons 'n wekker in ons hart stel om ons te herinner dat ons moet waak en bid?**

**Is dit soms vir jou moeilik om te bid? Kan jy iemand vra om jou te help wanneer jy sukkel?**

## Bid saam



**Here gee my krag, om elke dag te waak en te bid. Lei my deur U Gees om met 'n opregte hart vir ander te bid en U wil te soek deur gebed. Amen**


## IN MY BOKS

*Ons moet besef dat dit maklik is om lui of moeg te raak, wanneer ons moet bid! Hy het vir ons die oplossing gegee: Waak en Bid! Ons het krag nodig wat van God af kom om geestelik wakker te wees!*

## AKTIWITEIT

Knip die gespierde arms uit en plak dit op jou energade of powerade bottel!
God gee ons krag om te bid wanneer ons moeg is!







moreleta
kerk